Donderdag **18 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 142**

**Fokusgedeelte: Psalm 142:5, 6 (AFR83/2020)**

**God vertroos gelowiges in hulle nietigheid**

Dawid bevind hom in haglike omstandighede. Hy is ’n voortvlugtende wat saam met ’n klompie lojale volgelinge wegkruip in Adullam-grot. Hy is doodsbenoud, geestelik uitgeput, moedeloos en swak. Wat sy gevoel van magteloosheid verder verskerp, is die feit dat hy geen steun of hulp van ander verwag nie. Hy kla: “Ek soek hulp, maar niemand wil my help nie.” Sy vriende was immers in dieselfde bootjie as hy. Hy sug: “Daar is vir my geen vlugkans nie en niemand gee vir my om nie.”

Dawid staan egter stewig geanker in sy geloof, hy bely: “U is my toevlug, buiten U het ek geen deel in die land van die lewendes nie.”

Hoe verskriklik moet dit wees om in ’n wêreld van miljoene mense alleen, stoksielalleen te voel en te moet sê: “Ek het niemand nie ...” Dis ’n pynlike ervaring, maar om jou van God én mens verlate te voel, is beslis die ellendigste van alles.

Genadiglik wil die Here nie hê dat ons alleen en verlate moet wees nie. Reeds na die skepping van Adam het Hy gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n hulp maak wat by hom pas. Toe skep God vir Adam ’n ander mens, ’n medemens. Waar daar eers eensaamheid was, kom daar nou gemeensaamheid.

Bowenal begeer God ook gemeenskap met die mens. Daarom kom Hy Self, in die vleeswording van Jesus Christus, aarde toe om die intieme gemeenskapbande wat deur die sonde versteur is, te herstel. Ja, Christus het aan die kruis Godverlatenheid gely, sodat God se kind – ek en jy – nooit deur God verlaat sal word nie.

Voel dit vandag vir jou asof jy niemand het nie? Onthou tog dat jy in Jesus Christus Iemand het – Immanuel – God met ons. Dank God vir Hom wat aan die kruis niemand gehad het nie om vir jou waarlik dié Iemand te word.

*Sing: Psalm 142-1:3, 4*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*